

Wat moet jy vra?

Beskerming van Persoonlike Inligting (POPI) Wet No. 4 of 2013. In die Staatskoerant gepubliseer laat 2013, met volle aanvang in Julie 2020.

Nou is die tyd om sake in orde te kry vir die nakoming van die Wet.



POPIA IS WET



Is die POPIA van toepassing op die Universiteit?



Ja,

die POPIA-wet is van toepassing op elke besigheid in Suid-Afrika (insluitend Hoëronderrysinstellings) wat persoonlike inligting van 'n datasubjek (sien definisie hieronder) versamel, gebruik, stoor of vernietig (ongegag of sodanige prosessering outomaties is al dan nie).



Moet die Universiteit 'n Inligtingsbeampte registreer?

Hierdie Wet vereis dat elke besigheid 'n Inligtingsbeampte registreer by die Inligtingsreguleerder. Die Registrateur (of sy of haar gevolmagtigde) is aangestel as die Universiteit se Inligtingsbeampte.

Wat is 'n data-subjek?

'n Datasubjek is die natuurlike of regspersoon op wie die inligting betrekking het.

Wat is persoonlike inligting?

Persoonlike inligting is uiters wyd gestel en is inligting wat betrekking het op 'n identifiseerbare, natuurlike persoon of regspersoon en sluit in, maar is nie beperk tot:

Kontak besonderhede:
e-pos,
telefoon,
adres,
ens

Biometriese inligting:
bloedgroep,
vingerafdrukke
ens

Geskiedenis:
indiensneming,
finansiële,
opvoedkundige,
kriminele,
mediese geskiedenis

Demografiese inligting:
ouderdom,
geslag, ras,
geboortedatum,
etnisiteit, ens

Private korrespondensie

Menings van en oor 'n persoon.



So waar is die "stok en wortel" vir POPIA?



Die Universiteit het twaalf maande om ten volle te voldoen aan die Wet waarna potensiele stywe boetes (insluitende boetes van R10 miljoen) of nog erger, reputasieskade en verlies van kliënte die gevolg kan wees. Dit is die "stok"-aspek.

Die "wortel"-aspek is die geleentheid om vertroue in die Universiteit te bevorder deur die wyse waarop die sensitiewe persoonlike inligting bestuur word. Dit beteken dat die Universiteit kan bewys dat alle prosesse en prosedures in plek is om te verseker dat persoonlike inligting op 'n effektiewe en korrekte wyse bestuur word soos in die POPI-wet voorgeskryf wat dui op goeie korporatiewe bestuur.



Wat is die verpligtinge van die Universiteit onder POPIA?

Sommige van die verpligtinge is om:

slegs inligting in te samel wat vir 'n spesifieke doel benodig word

redelike sekuriteitsmaatreëls in plek te hê om die inligting te beskerm

te verseker dat dit relevant en op datum is

net soveel inligting te hou as wat nodig is en net so lank as wat nodig is

die datasubjek toe te laat om die inligting op aanvraag te sien



Wat is prosessering?

Prosessering beteken breedweg enigiets wat gedoen word met persoonlike inligting, insluitend insameling, gebruik, bewaring, disseminasie, modifikasie of vernietiging

Wat is die inligting-prosesseringsbeginsels?

Die inligting-prosesseringsbeginsels waaruit POPIA gevorm is, is die volgende:

03 Doelspesifikasie:

Persoonlike inligting moet versamel word vir 'n spesifieke, uitdruklik gedefinieerde en wettige doel met betrekking tot 'n funksie of aktiwiteit van die Universiteit;

04 Verdere prosesseringsbeperking:

Dit is waar persoonlike inligting van 'n derde party ontvang en oorgedra word aan 'n ander verantwoordelike party vir die verwerking;

06 Sekuriteitsmaatreëls:

die Universiteit moet die integriteit van die persoonlike inligting in sy besit en onder sy beheer beskerm deur te verseker dat maatreëls in plek is om verlies van, skade aan of ongematigde vernietiging van persoonlike inligting te voorkom

07 Datasubjekdeelname:

'n Datasubjek het die reg om:

1. persoonlike inligting wat die Universiteit hou gratis aan te vra;
2. persoonlike inligting wat nie korrek, irrelevant, oorbodig, misleidend of onregmatig verkry is, op te dateer of te vernietig; en
3. 'n rekord van persoonlike inligting wat nie meer nodig is vir die Universiteit om te hou, te vernietig.



01

01 Aanspreeklikheid:

die Universiteit moet verseker dat die inligting-prosesseringsbeginsel nagekom word;

02

02 Prosesseringsbeperking:

die prosessering moet regmatig wees en persoonlike inligting mag slegs verwerk word indien dit voldoende, relevant en nie oormatig is gegewe die doel waarvoor dit verwerk word;

03



04

05

05 Openheid:

Sekere voorgeskrewe inligting moet aan die datasubjek deur die Universiteit verskaf word, insluitend die inligting wat versamel word, die naam en adres van die verantwoordelike party, die doel waarvoor die inligting ingesamel word en of die verskaffing van die inligting deur die datasubjek vrywillig of verpligtend is.

06

07



Kan ek persoonlike inligting na die buiteland stuur en kan inligting terug na Suid-Afrika gestuur word?

Ja, maar daar is beperking. Die toepaslike beperkings sal afhang van die wette van die land na waar die inligting oorgedra word of van waar die inligting teruggestuur word, soos die geval mag wees. Hou in gedagte dat "wolk-gebaseerde" stelsels POPI probleme kan veroorsaak.

Moet ek 'n "opt-in" of "opt-uit" opsie voorsien vir direkte bemaking?

Ja. Die Universiteit moet gebruik maak van beide "opt-in" en "opt-uit" opsies om seker te maak dat die datasubjek verstaan en weet wat hy of sy voor toestem of beswaar maak.

Vir hoe lank moet persoonlike inligting gehou word?

Persoonlike inligting mag nie langer gehou word as wat nodig is om die doel waarvoor dit ingesamel is te bereik nie.

Wat is die sanksie vir die nie-voldoening aan POPIA?

Sanksies sluit potensiële stywe boetes in (insluitend boetes van tot R10 miljoen) of tronkstraf.

M

O

E

N

I

E

POPIA ignoreer nie, dit gaan nie weggaan nie!

Voldoeningspogings uitstel omdat daar 'n twaalf maande grasietydperk is nie.

Die hoeveelheid werk onderskat wat nodig is om die Universiteitsbeleide, prosesse, prosedures en stelsels te verander nie.

Panikerig wees nie! POPIA-voldoening is soos om Tafelberg te klim en nie Mount Everest nie.

Haas na die voldoeningspogings nie. Neem 'n gestruktureerde, projekgebaseerde benadering om die voldoeningspogings effektief aan te pak.